SENWES BEPERK
ISIN NOMMER: ZAEZ00000018
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1997/005336/06)
("Senwes")

SENWESBEL BEPERK
ISIN NOMMER: ZAEZ00000026
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
("Senwesbel")

SUIDWES BEHEREND (OMHEINDE MAATSKAPPY) (*RINGFENCED)*
EIENDOMS BEPERK (RF)
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1998/007242/07)
("Suidwes")

("die Senwes Groep")

(Gesamentlik na verwys as **"die Maatskappye")**

GESAMENTLIKE AANKONDIGING MET BETREKKING TOT DIE REËLINGSKEMA EN GOEDKEURING DEUR DIE MEDEDINGINGSTRIBUNAAL

Die direksies van die Senwes Groep en Suidwes verwys die Senwes Groep aandeelhouers en die Suidwes Aandeelhouers na die aankondigings op 27 Februarie en 2 April 2020 onderskeidelik met betrekking tot die Reëlingskema en die Aanbod aan Suidwes aandeelhouers ("**die Aanbod**"). Dit word hiermee bevestig dat, ooreenkomstig die opskortende voorwaardes in terme van die bepalings van die Aanbod, die Suidwes aandeelhouers die Aanbod op 29 Mei 2020 in terme van artikel 115(2)(a) van die Maatskappywet, 2008 goedgekeur het en dat die Mededingingstribunaal ook die samesmelting (soos gedefinieer in artikel 12 van die Mededingingswet, 1998), tussen Suidwes en die Senwes Groep op 18 Augustus 2020 goedgekeur het.

Die goedkeuring deur die Mededingingstribunaal is verleen met dien verstande dat daar aan sekere voorwaardes voldoen moet word binne 'n bepaalde periode, naamlik dat die Maatskappye sekere silos in die Noordkaap en Noordwes Provinsies sal verkoop binne 'n bepaalde periode asook dat Senwes produksie lenings sal verleen aan opkomende boere. Die Senwes Groep het ook sekere ondernemings verskaf met betrekking tot werkverskaffing vir Suidwes werknemers vir 'n periode van twee jaar.

Die Aanbod aan Suidwes aandeelhouers kan dus geïmplementeer word en is oop vir aanvaarding ooreenkomstig die volgende tydslyne:

	2020
Rekorddatum van die Aanbod	**Maandag, 24 Augustus**
Implementering van die Aanbod	**Maandag, 5 Oktober**
Betaling van Kontantprys en uitreiking van Aanbodaandele	**Maandag, 12 Oktober**

Nota: Die datums en tye soos hierbo verskaf, is onderworpe aan verandering. Suidwes Aandeelhouers sal in kennis gestel word van enige veranderinge.

Suidwes aandeelhouers word verwys na www.senwes.co.za of http://suid-wes.co.za/AFR/ vir afskrifte van die aanvaardingsvorms, wat voltooi en aan Senwes voorsien moet word.

Suidwes aandeelhouers moet die aanvaardingsvorms voltooi ooreenkomstig die instruksies daarin vervat, en sodanige vorms terugbesorg om ontvang te word teen nie later nie as 12:00 op Maandag, 5 Oktober 2020. Meer spesifiek, aflewering moet soos volg hanteer word:

i) per hand: by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, Noordwes, Suid-Afrika; of

ii) per geregistreerde pos: Posbus 31, Klerksdorp, 2570, Noordwes, Suid-Afrika; of

iii) per faks: + 086 673 3041; of

iv) per epos: elmarie.joynt@senwes.co.za of claudi.smit@senwes.co.za; of

v) Keusevorms kan ook gestuur word aan die Suidwes Maatskappysekretaris: Derek Linde by +27 (018) 581 1000 of derekl@suidwes.co.za, wat sodanige Keusevorms aan die Senwes Groep sal voorsien.

Die Senwes Groep verkies om die Keusevorms per epos te ontvang.

In opdrag van die Raad van Direkteure van die Maatskappye

EM Joynt (Mev)
GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS
Tel nr: (018) 464 7104
18 Augustus 2020

D Linde
GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS
Tel nr: (018) 581 1022
18 Augustus 2020